**Nasionale Teenkorrupsiestrategie (NACS)**

***Die Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie 2030 stel 'n korrupsievrye samelewing, 'n verbintenis tot etiese gedrag regdeur die samelewing en 'n regering wat verantwoordbaar teenoor sy mense is, in die vooruitsig.***

Die NACS, wat op 18 November 2020 deur die kabinet goedgekeur is, voorsien 'n raamwerk en aksieplan vir Suid-Afrika en poog om 'n samelewing te skep waarin:

- die regering se administratiewe en verkrygingsprosesse groter monitering, verantwoordbaarheid en deursigtigheid handhaaf.
- die publiek opgevoed word oor wat korrupsie behels en bemagtig word hoe om te reageer wanneer en waar dit plaasvind.
- die publiek en fluitjieblasers aangemoedig word om korrupsie aan te meld, en voldoende ondersteun en beskerm word wanneer hulle dit aangemeld het.
- staatsamptenare verantwoordbaar gehou word vir 'n gebrek aan dienslewering.
- die sakesektor en organisasies in die burgerlike samelewing op 'n waardegedrewe wyse funksioneer en verantwoordbaar gehou word vir korrupte praktyke.
- daar 'n kultuur van geen-verdraagsaamheid teenoor korrupsie is in enige sektor.

Die NACS is gebaseer op die beginsel dat daar voorkoming van korrupsie behoort te wees deur goeie regering, deursigtigheid, integriteitsbestuur en verantwoordbaarheid in die samelewing, en vroeë opsporing van potensiële korrupte praktyke wat aanvullend is tot die reaktiewe maatreëls wat deur wetstoepassingsagentskappe en ander teenkorrupsie-instellings toegepas word. Die hele samelewing en 'n geïntegreerde benadering in die stryd teen korrupsie sal bydra om die risiko van duur kommissies van ondersoek, forensiese ondersoeke en ander wetlike prosesse te verminder.

Die sleutelkomponente van hierdie strategie bestaan uit die volgende ses strategiese pilare:

| Pilaar | Implementeringsprogramme * |
|---|---|
| 1. **Burgerlike deelname:** Bevorder en moedig aktiewe burgerskap, fluitjieblaas, integriteit en deursigtigheid in alle sfere van die samelewing aan. | A. Ondersteun aktiewe burgerskap en bevorder waardes en heroriënteringsinisiatiewe om korrupsie te voorkom en te bekamp.<br>B. Beskerm en ondersteun fluitjieblasers en voorsien hulpbronne aan die fluitjieblaasstrukture.<br>C. Bevorder integriteitsbestuur en moedig 'n verbintenis tot etiese gedrag aan.<br>D. Verhoog deursigtigheid en versterk dit in alle sektore. |
| 2. **Professionele gedrag:** Bevorder die professionaliteit van werknemers in alle sektore om sodoende hulle bydrae tot 'n korrupsievrye werkplek te optimaliseer. | A. Professionaliseer die openbare sektor en bring 'n bekwame staat tot stand.<br>B. Verhoog en bevorder die kapasiteit en integriteit van die beroepe wat sentraal in die teenkorrupsie-pogings staan. |
| 3. **Etiese regering met toesig en gevolgsbestuur:** Verbeter toesig en gevolgbestuur in organisasies | A. Bevorder etiese leierskap regoor alle sektore.<br>B. Versterk toesig en regeringskapasiteit in die openbare sektor.<br>C. Versterk etiek en integriteit regoor alle sektore.<br>D. Versterk verantwoordbaarheid en programbestuur in al die organisasies regdeur alle sektore. |
| 4. **Geloofwaardige en deursigtige verkrygingstelsel:** Verbeter die integriteit en geloofwaardigheid van die openbare verkrygingstelsel. | A. Verbeter toesig en afdwinging van openbare verkryging.<br>B. Verbeter deursigtigheid en databestuur in openbare verkryging.<br>C. Ondersteun professionaliteit in verkrygingskettingbestuur. |
| 5. **Kragtige teenkorrupsie-agentskappe:** Versterk die verkryging van hulpbronne, koördinering, transnasionale samewerking, prestasie, verantwoordbaarheid en onafhanklikheid van toegewyde teenkorrupsie-agentskappe. | A. Versterk Suid-Afrika se verhoudings en transnasionale samewerking met ander lande in die stryd teen korrupsie.<br>B. Bring 'n koördinerende teenkorrupsieliggaam tot stand om alle teenkorrupsie-aktiwiteite te koördineer.<br>C. Voorsien hulpbronne aan teenkorrupsie-agentskappe deur te verseker dat hulle voldoende kapasiteit het, deur opleiding en modernisering van metodologie en menslike hulpbronne te bied vir verbeterde wetstoepassing.<br>D. Beskerm die onafhanklikheid van sleutelteenkorrupsie-agentskappe wat verantwoordelik is vir die ondersoek na en vervolging van korrupsie. |
| 6. **Beskerming van kwesbare sektore:** Beskerm kwesbare sektore wat die meeste geneig is tot korrupsie en onetiese praktyke, met effektiewe risikobestuur. | A. Doen navorsing oor watter openbare en private sektore kwesbaar vir korrupsie is.<br>B. Implementeer intervensiemaatreëls wat daarop gemik is om die risiko van korrupsie te verminder en integriteitsbestuur in kwesbare sektore te bevorder.<br>C. Moniteer, evalueer en hersien die intervensies wat op risikobestuur in kwesbare sektore gemik is. |

Die NACS stel voor dat hersiene teenkorrupsie- institusionele reëlings in twee fases ingefaseer word.

Fase1: Die implementering van die aanvanklike oorgangstrategie, insluitend navorsing, konseptuele ontwikkeling en formulering van 'n voorlegging aan die kabinet vir die vestiging van die oorkoepelende liggaam, sal deur 'n tussentydse multisektorale adviesraad naamlik die Nasionale Teenkorrupsie-adviesraad (NACAC) uitgevoer word. Hierdie raad sal sy werk doen deur interaksie met die relevante interministeriële komitees, klusters en maatskaplike vennote. NACS stel voor dat die NACAC deur die President op die been gebring word en vir 'n maksimum tydperk van twee jaar aktief moet wees, of ontbind moet word sodra die permanente liggaam gevestig is.

Fase 2: Vestiging van 'n onafhanklike oorkoepelende statutêre/grondwetlik verskanste staatsliggaam wat aan die Parlement sal rapporteer, en wat op die basis van 'n geïntegreerde, multidimensionele operasionele model funksioneer tesame met kruissektorale samewerking – in ooreenstemming met die land se regerings- en samelewingbenadering om korrupsie te bestry. Dit moet 'n toepaslike naam kry vanuit voorstelle deur die NACAC en finale besluitneming moet deur die relevante owerhede gedoen word. Daar word in die vooruitsig gestel dat hierdie permanente liggaam onder andere die langtermynontplooiing van die strategie en al die verwante programme sal aandryf.

Werk m.b.t. die implementering van NACS is reeds onderweg, waaronder die huidige ondersoekende werk deur die Fusion-sentrum onder beskerming van die multi-agentskap teenkorrupsie-taakspan, deurlopende implementering van aksies deur individuele teenkorrupsieliggame, vermindering van die risiko vir korrupsie m.b.t. COVID19-inenting, en die NACS-oorgangsreëlings wat bestuur word deur die NACS-Verwysingsgroep en NACS-Dagbestuur.

Meer inligting oor die NACS en ander relevante dokumente kan verkry word by *www.gov.za/AntiCorruption*

STOP I ACT KNOW

CORRUPTION

FIGHTING CORRUPTION IS EVERYONE'S BUSINESS

**Anti-corruption toll-free line 0800 701 701**